

14 Junie 2012

Jaargang 5 – Uitgawe 19

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk

www.nhk.co.za

Die Hervormer

www.hervormer.co.za

e-Hervormer

www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op www.hervormer.co.za/cancel.html

VOORBLAD

Omgewingsmaand 'n welkome inskrywing op die kerklike kalender

Die saak rondom die ekologie is in die verlede op kerklike en teologiese gebied verwaarloos. Vir te lank is die Bybelse boodskap rondom hierdie belangrike saak geïgnoreer.

Opvallend is hoe skeppingsteologie (die voorloper van ekoteologie) oor die algemeen deur teoloë afgeskeep is ten gunste van verlossingsteologie. Die kerk het in die verlede sy ryke tradisie, by name die Bybelse skeppingstradisie en die nalatenskap van kerkvaders soos Franciskus van Assisi, misken deur 'n antroposentriese agenda van *menslike verlossing* ten koste van *God se skepping* te beklemtoon. Lynn White het, met verwysing na onder meer hierdie antroposentriese fokus in die teologie, reeds in 1967 die kerk daarvan beskuldig dat dit aandadig is aan die ekologiese krisis.

Alternatiewe stemme is egter in die laaste klompie jare gehoor wat die eensydige antroposentrisme van vroeëre benaderings teenstaan. In dié opsig het prof Johan Buitendag, huidige dekaan van die Fakulteit Teologie, binne die Suid-Afrikaanse konteks 'n pioniersbydrae gemaak met die eerste proefskrif wat die tema van die ekologie behandel. Ander ontwikkelings is liedere wat in die Liedboek van die Kerk ingevoer is, die liturgie asook 'n groter belangstelling in die algemene kerklike literatuur wat verskyn.

'n Welkome onlangse ontwikkeling is die aanbring van Omgewingsmaand op ons kerklike kalender. Omgewingsmaand word gewoonlik in Junie gevier. Die Noordelike Halfrond beheer die internasionale kalender. Om hierdie rede word Omgewingsmaand geskeduleer om met die aanbreek van die Noordelike Halfrond se lente saam te val.

Omgewingsmaand is 'n geleentheid om die feit op die tafel te sit dat dit om meer as net die verlossing van die mens gaan. Die bekende Johannes 3: 16 lees immers: *Want so lief het God die kosmos gehad dat Hy sy enigste Seun gestuur het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.* Dit gaan oor meer as wat klimaatsverandering aan voedselproduksie gaan doen of hoeveel spesies gaan uitsterf en die bydrae wat dit tot armoede maak. In Kolossense 1: 20 word duidelik daarop gedui dat die verlossing wat Jesus bewerk het *alles op die aarde en in die hemel* raak. Talle bepalinge in die Ou-Testamentiese wetboek dui op God se besorgdheid oor die omgewing, byvoorbeeld die sabbatswette.

Die doel van Omgewingsmaand is om hierdie voller prentjie ten opsigte van die soteriologie, wat ook die Skepping insluit, aan die orde te bring. (Soteriologie = die leer van die verlossing omtrent Christus as Saligmaker). Dit het ten doel om die intrinsieke waarde wat die Bybel aan die Skepping heg, aan die woord te laat kom.

Dit is die Christelike bydrae tot die ekologiese gesprek. Die kerk bring meer na die ekologiese debat as maar net 'n vrees dat ons nie gaan oorleef nie. Dit gaan daarvoor om inhoud te gee aan dit wat elke Sondag bely word: *Ek glo in God die Vader, die Almagtige, Skepper van hemel en aarde...* Hy is die Skepper-God, Hy maak in Jesus Christus die aarde sy woonplek, ons sal saam met Hom woon op 'n nuwe aarde onder 'n nuwe hemel.

Dit het 'n geweldige appèl op gelowiges en laat ons met erns daaraan werk om God bo alles lief te hê, ons naaste soos onself en, ja, ook die Skepping!

Dr Gustav Claassen
Moderator: Noordelike Sinode, NG Kerk



BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhk.co.za te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Vakante standplaas

- **Gemeente Ottosdal** beskik oor 'n vakante **voltydse standplaas** en het die proses begin om 'n beroep uit te bring. Ottosdal is 'n plattelandse gemeente ongeveer 75 km van Klerksdorp af. Die gemeente beskik oor 'n ruim pastorie. Predikante wat belangstel om hul name op die groslys te plaas, moet **voor of op 15 Junie 2012** hul name en kontakbesonderhede stuur na ottosdal@nhk.co.za. Vir meer inligting, kontak die gemeentelike kerkkantoor by 018 571 0200 (Ma, Wo of Vry tussen 09:00 en 13:00). Die kerkraad is nie verplig om uit die groep aansoekers 'n beroep uit te bring nie.

Brugpredikant benodig

- Die **Otjiwarongo/Outjo-kombinasie in Namibië** benodig so gou moontlik die dienste van 'n **emerituspredikant** van die Kerk, om vir 'n tydperk van 2 tot 3 maande die kombinasie te bearbei. Die vorige drie emeriti wat op dieselfde basis met bediening gehelp het, di Philip Prinsloo, Hennie Aucamp en Nico Brayshaw (laasgenoemde twee in die Tsumeb/Grootfontein-kombinasie), het werk van onskatbare waarde gedoen. Die emeriti hou as't ware *vakansie* en ontvang kontant sodat dit nie werkspermit- en visumkomplikasies inhou nie. Kontak dr Frikkie Labuschagne, sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), by 012 322 8885 x256 of frikkie@nhk.co.za vir meer inligting.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet aan die Sekretaris vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, by wouter@nhk.co.za gestuur word, of skakel hom by 082 339 2332.

- **PJ (Pieter) Steenkamp** is op Donderdag 7 Junie tot die evangeliebediening hertoegelaat. Prop Steenkamp is oorspronklik in November 1981 georden, en het die gemeentes Voortrekkerhoogte (sedert 1981), Trichardtsfontein (1984) en Wapadrant (1989) bedien. Hy is nou weer beroepbaar in die Kerk.
- Op Donderdag 7 Junie het die Kommissie van die AKV saam met drie van ons emerituspredikante en hul gades middagete geniet. **Ds Frik Engelbrecht** vier vanjaar sy 60ste ampsjubileum, en **prof Hennie van der Westhuizen** en **ds Adam Swarts** hul 50ste jubileum. Nog drie emeriti wat vanjaar hul 50ste jubileum vier, kon ongelukkig nie die ete bywoon nie. Hulle is prof Eddie Engelbrecht, di Hannes Viljoen en Wynand de Beer.
- Die **verklaring en die herderlike skrywe van die Kommissie van die AKV** oor die **Staat van Belydenis** wat die steedsHervormers op 2 Junie 2012 uitgereik het, is op die Kerk se amptelike webblad geplaas. Gaan na www.nhk.co.za → Nuus en gebeure → Kortnuus.

- **GELOWIGE GESINNE GESPREK. Twee maniere waarop die gesin en die gemeente by mekaar pas.** Hierdie inset verwys na die GGG-artikel in *Konteks* van Junie. Die eerste manier waarop die gesin en die gemeente by mekaar inskakel, word die *gemeentegesentreerde, gesinsondersteunde (church centered, home supported)* benadering genoem. Hiervolgens doen gesinne alles in hul vermoë om die gemeente te ondersteun en van hulpbronne te voorsien sodat die gemeente

Bydraes vir moontlike plasing in die *e-Hervormer* moet asseblief teen Dinsdaemiddae 16:00 OP DIE LAATSTE na produksie@nhk.co.za gestuur word.



Pieter Steenkamp en sy gesin

Ds Adam en mev Mariaan Swarts





die beste ruimte vir geloofsoordrag kan wees. Die funksie van die gemeente hierin is 'n ruimte waar mense met die Woord van God kennis maak en in hul geloof begelei word. So word die gemeente opgebou.

Hierin funksioneer die gemeente soos 'n lig in die gemeenskap, en elke gesin in die gemeente wek die energie op en voorsien dit aan die gemeente. Die leemte is dat die gesinne se energie nie genoeg is om self ook ligte te wees nie. Die fokus hier is om ouers betrokke te kry in dit wat die gemeente vir hul kinders doen. (Ons praat volgende week oor 'n alternatiewe fokus.)

Riglyne vir gesprek hierdie week:

- Gesels oor die manier hoe gesinne aan die plaaslike gemeente gebind is. Gesels oor die maniere hoe ouers in die verlede bygedra het tot die geloofsvorming wat by die gemeente plaasgevind het.
- Wat kan die implikasie wees as slegs die gemeente betrokke is by die geloofsvorming en Christelike onderrig van kinders sonder sinvolle integrasie van die ouers?
- Hoe is ouers tot dusver in die plaaslike gemeente spesifiek bemagtig vir die geestelike leiding van hul kinders – buiten doopkategeses?
- Bespreek die moontlikheid om in die gemeente 'n *voortgesette doopkategeseseprogram* aan te bied aan ouers en uitgebreide gesinne.
- Volgende week kyk ons na 'n tweede manier hoe die gesin en die gemeente aan mekaar gebind is.

Die GGG-werkspan wil gemeentes aanmoedig om 'n werkgroep in die gemeente te vestig wat met die waardevolle gesprek oor gesinsbediening in gemeentes kan leiding gee. Kontak ds Danie van der Watt by 082 572 4855 of ds Thinus van Staden by 084 589 7035 indien u 'n lid van die Raad vir Gesinsbediening vir gesprek na u gemeente of ring wil nooi. Seënwense aan elke gesin!

• **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES: 'n Wenk vir bejaardesorg**

Dis dalk vir jou niks om jou bed weg te skuif om daaronder skoon te maak nie. Vir 'n bejaarde mag dit onmoontlik wees. Help dus die bejaardes in jou omgewing op huisskoonmaakdag om die swaar meubels weg en weer terug te skuif vir hierdie doel.

Gaan na www.diakens.co.za vir meer inligting oor bejaardesorg.

- Die **evaluering van voornemende teologies studente** vind op **13 Julie** by UP plaas. Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word van die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303; of per e-pos van betsie.brits@up.ac.za. Die **sluitingsdatum vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is 2 Julie**.
- **Gemeente Piet Retief** vier vanjaar hul **eeufees**. Alle lidmate wat voorheen aan die gemeente verbonde was, word versoek om vertellings, foto's en ander gedenkwaardighede beskikbaar te stel. Almal word ook uitgenooi om die **naweek van 17-19 Augustus** aan die verrigtinge deel te neem. Dit sal 'n **dankdiens** op Vrydag 17 Augustus en 'n **basaar** die Saterdag insluit. Skakel Jan Venter by 082 925 3951 of 017 826 3604.
- **Gemeente Buffelspoort** (by Mooinooi) beskik steeds oor 'n vakature vir 'n **orrelis**. Stuur aansoeke aan ds Neels van Tonder by nvtonder@vodamail.co.za, of kontak hom by 072 633 3367.
- **Preekbeurte in Dullstroom**. Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by [nhkdullstroom@yahoo.com](mailto:nhk dullstroom@yahoo.com) of 072 116 3353.





Ds Louw
van der Linde

Spesiale eredienste

- **Gemeente Trichardsfontein: Sondag 17 Junie om 11:00**
Bevestiging van ds Louw van der Linde
Bevestiging deur sy broer, ds Hennie van der Linde
Oudl Fred Paynter namens die Kommissie van die AKV
Navrae aan Elise Gibson by 017 638 1134

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 22 Junie, en word hartlik geluk gewens.**
 - Donderdag 14 Junie: Ds Gert Beukes (emeritus)
 - Vrydag 15 Junie: Dr Rudy Denton (Potchefstroom-Studente)
 - Saterdag 16 Junie: Dr Jan Truter (Letsitele)
 - Maandag 18 Junie: Dr Elsabé Kloppers (Kerkmusiek) en ds Danie Malan (Johannesburg)
 - Dinsdag 19 Junie: Ds Willem Sauer (Groot Marico)
 - Woensdag 20 Junie: Ds Annelie Botha (Mafeking)
 - Donderdag 21 Junie: Ds Hennie van der Linde (Vliegepoort)
 - Vrydag 22 Junie: Ds Rudi Schoeman (Theresapark)

Beplande vergaderings

- Maandag 18 Junie: Trustee-opleiding
- Dinsdag 19 Junie: RV Maquassi
- Woensdag 20 Junie: Finkom van die Ondersteuningsraad
- Donderdag 21 Junie: Werkwinkel van die Ondersteuningsraad

Kursusse en toerusting

- **Instituut vir Kerkmusiek in Suid-Afrika (IKSA)**
Diploma in Himnologie 2012-2013
Let op veranderde datum vir eerste byeenkoms: 15 September 2012
Kursusfooi R800 per persoon per jaar
Skakel met dr Elsabé Kloppers by iksa@absamail.co.za of 012 429 6589 (k)

Konserte en feeste

- **Saterdag 16 Junie: NHSV Makwassie**
Oggendtee
Tema: *Pottebakker en die klei*
Spreker: Janneman van Wyk
Tyd: 09:30 vir 10:00
Plek: Hervormde Kerk Makwassie
Kaartjies R100 per persoon (vingerete ingesluit)
Navrae en meer inligting: Skakel Thea van Rooyen (073 723 9883)

Kampe en toere

- **Toer op Bybelse voetspore...**
Egipte, Israel en Jordanië
4-18 Desember 2012
Kontak ds Hannes van der Merwe by 082 575 1979
of hannes@pretoriaoos.com vir meer inligting





Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Tzaneen**
Wenners van Groot 3-kompetisie 2012
1ste trekking: Cecilé Prinsloo, Phalaborwa (AMC Classic kookstel)
2de trekking: Ria Lourens, Tzaneen (Jagpakket)
3de trekking: Lilly du Plooy, Phalaborwa (iPad)
Dankie aan almal wat die projek ondersteun het!
- **Gemeente Port Shepstone: Prawnfees**
Vrydag 6 Julie om 18:00
Scottstraat 3
Kaartjies @ R150, kinders onder 12 halfprys
Eet soveel jy kan!
Driegang maaltyd, spitbraai as alternatief
Kontantkroeg
Kontak Adri by 082 572 4280 of Petro by 084 951 8961
- **Gemeente Philadelphia: Fietstoer 2012 Julievakansie**
40 studente ry vir 15 dae fiets om fondse in te samel vir liefdadigheid
Vertrek op 30 Junie uit Pretoria
Besoek Kempton Park, Drie Riviere, Vanderbijlpark, Sasolburg, Parys, Welkom, Wolmaransstad, Klerksdorp, Potchefstroom en Krugersdorp, en is op 14 Julie terug in Pretoria
Navrae? Borgskappe? Wil jy saam kom fietstrap?
Kontak Fanie Willers (toerleier): fanie.willers@gmail.com of 072 494 8735
Lizaan Britz (ondertoerleier/bemaking): lizaanbritz8@gmail.com of 076 315 4218
E-pos: philadelphia@nhk.co.za. Webwerf: www.philadelphia.co.za
- **Gemeente Losberg in Fochville: Biltongaand**
Vrydag 20 Julie
Besighede kan tafel met 10 sitplekke bespreek vir R3 200
Gaskunstenaar Thys die Bosveldklong
Verskeidenheid biltonge, cabanossies, chilli bites, kaassoorte, brode, konfyte
Veiling sal gehou word
Kontak gemeentelike kerkkantoor by 018 771 2617
Bespreek vroegtydig!
- **Gemeente Witfield in Boksburg: Boogjagkompetisie**
Sluitingsdatum: 29 Julie 2012
Kaartjies R100 donasie
1ste prys: 10 diere, waarde R40 000, en 5 nagte verblyf
2de prys: 8 diere, waarde R19 300, en 3 nagte verblyf
3de prys: 6 diere, waarde R11 000, en 3 nagte verblyf
Geborg deur Nyalarus, tussen Groblersdal en Marble Hall
Geweerjag kan gereël word
of keuse om plaas se professionele jagter te gebruik
Pryse verval op 30 September 2012
Kontak Adri Nel by 084 200 1027
of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895 vir meer inligting

Basaars en markte

- **Saterdag 30 Junie: Diakonie van Gemeente Losberg in Fochville**
Boeremark
Stalletjies te huur R50, met krag R100
Handgemaakte kunswerke, handwerk, naaldwerk, houtwerk, stokperdjies, vars produkte, blomme, boeke, ens



Kosstalletjies slegs deur die Hervormde en Gereformeerde kerke afsonderlik Boeremark ook op 4 Augustus, 8 September, 29 September en 1 Desember
Kontak gemeentelike kerkkantoor by 018 771 2617
Fondse gaan vir barmhartigheid

ANDER NUUS

- **VAKATURE VIR PLEEGOUERS IN DIE DPS-HUIS RUSTENBURG**

Datum van diensaanvaarding gedurende die derde kwartaal van 2012

Aansoeke sluit 8 Julie 2012

Die vereistes is onder andere:

- o Getroude egpaar
- o Verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud
- o Lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk
- o Goeie gesondheid
- o Aanvoeling vir kinders

Suksesvolle ouers sal benewens 'n maandelikse kontantvergoeding ook gratis inwoning in die DPS-huis ontvang.

Belangstellende ouers word versoek om die volgende persone te kontak vir meer inligting:

Mnr Otto Viljoen: 012 322 8885 of 079 495 2007 of kinderhuise@nhk.co.za

Ds Johan van Wyk: 014 592 1779 of 082 577 4091 of vanwyka@mweb.co.za

Dit sal waardeer word indien predikante hierdie inligting by die afkondigings van die gemeentes sal insluit.

- **NEGENDE SUID-AFRIKAANSE KONGRES VIR CALVYNNAVORSING**

15 tot 17 Augustus 2012 (Woensdagaand tot Vrydagmiddag)

Aros (Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies) is gasheer

Kontak ds HH van Alten by hvvanalten@vgkmaranata.org.za

of 012 332 3256 indien u wil bywoon

- **ADVERTENSIES** waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing.**

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:

Raad van Finansies

ABSA Bank

Tjekrekening nommer 020-000-287

Takkode 632-005

Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (**uiters 100 woorde**) stuur aan produksie@nhk.co.za. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by www.nhk.co.za gestuur word. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Prof Piet Geysers, baie dankie vir die uitstekende voorbladartikel in die *e-Hervormer* van 7 Junie!”

Dr Gert Malan, Mosselbaai

“Ek is ’n getroue leser van die *e-Hervormer* en het altyd ’n inspirerende boodskap uit die voorbladartikel ontvang. Die laaste uitgawes was ongelukkig nie so nie: Waar vind ons die ware kerk? Kan die Kerk restitusie-eise verwag? ’n Leer- of lewenskewesie? Die implikasies van ’n *status confessionis*.

Ek vra vir God se woord en boodskap op die voorblad, en as julle dan nou wil standpunt inneem oor ander sake, wat ook belangrik mag wees, dan op die agterblad of miskien in ’n aparte bylae of aanhangsel.

Baie dankie vir ’n pragtige e-tydskrif.”

Christiaan Schmulling (Buna), Kuruman

“Beste Danie [dr Daan van Wyk jr], baie dankie vir ’n genuanseerde, professionele en billike verslag oor die *Status Confessionis* van die steedsHervormers, elektronies op 13 Junie ontvang. Ek meen werklik dat die sogenaamde ‘middelgrond’ Hervormers hulle punt vir punt in hierdie kwaliteitverweer kan vind. Tog is daar duidelike tekens van teologiese vrysinnigheid, heilshorizontalisering, essensialisme, politieke dienstigheid en kultuurkonformering in die eietydse hoofstroom NHK aanwesig, wat ek hoop die Kommissie met dieselfde fermheid en erudisie sal ondervang; anders skeur ons, met alle respek, oor ’n paar jaar weer; of andersins sal die sH in getalle toeneem. Na vader Barth: *Kirche im Wort!*”

Dr Johann Beukes

AGTERBLAD

Kerklike publikasies Julie 2012

Lees in *Konteks*

- Is ’n gelukkige gesinslewe moontlik?
- Wie was die eerste Hervormde kapelaan?
- Maak kennis met gemeentes in die ring van Heidelberg

Besoek ook www.konteks.co.za

Lees in *Die Hervormer*

- Leef gelukkig in God Drie-enig se wye ruimte
- Kairosgebeure in die Hervormde Kerk
- Van alles in ’n gelowige se lewe is God die maatstaf

Besoek ook www.hervormer.co.za

Hierdie uitgawes sal volgende week beskikbaar wees.

